A Ons prioriteit. Lukas 14:26-33.

- ❖ Wanneer rykdom en besittings belangriker raak as ons verhouding met God, gee ons toe aan materialisme.
- ❖ As die begeertes van hierdie wêreld al ons aandag in beslag neem, bou ons die "toring" van die lewe op die verkeerde fondament.

B Ons begeertes.

- ❖ **Die begeertes van die vlees [Ambisie]. Lukas 12:15-21.**
  - — God gee ons materiële seëninge, en die krag om dit te verkry en die vermoë om dit behoorlik te gebruik.
  - — Nietemin kan die begeerte om dinge te hê, belangriker wees as die belangrikste ding: ons ewige lewe.
  - — God gee ons materiële seëninge wat ons kan administreer, en Hy sê vir ons: " en jou hart hom dan verhef, dat jy die HERE jou God vergeet wat jou uit Egipteland, uit die slawehuis, uitgelei het." (Deuteronomium 8:14).
- ❖ **Die begeertes van die oë [Gierigheid]. Mattheus 6:22-24.**
  - — Advertensies wys foto's—meeste van die tyd onwerklik—wat daarop aandring dat ons dinge moet koop wat ons dalk nie eintlik nodig het nie.
  - — Gierigheid groei in ons wanneer ons die dinge wil hê wat ons oë sien. "Jy verdien dit", "bederf jouself", "as ek dit koop, kan ek my droom man/meisie hê."
  - — Alles is fantasie. As ons gierigheid in ons harte toe laat, kan dit 'n valse godsdiens word. Dit bevredig nie die siel nie, maar ons "sondige natuur" (Galasiërs 5:16).
  - — Daarom het Jesus ons aangemoedig om ons oë op dit wat rein is te hou.
- ❖ **Die ydelheid van hierdie lewe [Narcisme]. Romeine 12:3.**
  - — Wat het Lucifer (Esegiel. 28:17; Jesaja 14:14), Nebukadnésar (Daniel 4:30) en die Fariseërs (Lukas 18: 11-12) in gemeen? Hulle was narcisties. Dit beteken hulle het 'n opgeblase mening van hulself gehad.
  - — Hierdie probleem hou gewoonlik verband met die liefde vir geld (1 Timotheus 6:10). Ryk mense—en diegene wat so wil wees—mag arrogant, hoogmoedig en selfsugtig wees sonder Jesus (Markus 10:25).

C Ons identiteit. Mattheus 6:24.

- ❖ Wat is ons identiteit? Is ons dienaars van materialisme of dienaars van God?
- ❖ Rentmeesterskap en materialisme raak alle areas van ons lewens. Ons identiteit hang af van wat ons kies. Ons kan rentmeesters of slawe wees van die dinge wat God ons gee.
- ❖ God gee ons materiële seëninge om te geniet en ons karakter te ontwikkel. Wanneer ons dit gebruik om God te eer en diegene wat Hy geskep het, te help, is ons geseënd. As ons materialisties word, sal ons daardie seën verloor.
- ❖ Kom ons aanbid ons Hemelse Vader wanneer ons die materiële dinge op aarde geniet, omdat Hy hulle aan ons gegee het.